*Stad in die mis

DJ Opperman

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

*Oorsprong van die gedig

- Na die Depressie & droogte van die dertigerjare het baie mense in myne in stede gaan werk. Die stad (verstedeliking) is gesien as ‘n vernietiger van die mens – veral van die Afrikaner. Dit het ook gepaard gegaan met die geestelike verval van die stadsmens.

- DJ Opperman se gedigte oor die grootstad gee strak beelde van ‘n kunsmatige, onmenslike omgewing. In *Stad in die mis*, word die stad voorgestel as ‘n staal-en-betondier; ‘n sluipende metaal-monster wat dinge vernietig. Die ek-spreker beleef die stad met “gespanne spier” – ‘n beeld van sy vrees vir die stadsgevare en die onheilspellende (threatening) atmosfeer wat daar heers.

Regs: ‘n wit mynwerker.
Onder: ‘n ma en haar kinders. Baie blankes het hul plase verloor a.g.v. die droogte & is gedwing om in die stad in myne en fabrieke te gaan werk.



1. Met gespanne spier
2. loop ek deur die mis
3. want om my sluip ’n dier
4. onder wit duisternis;
5. ek hoor hom knor en in oop mote
6. waggel sy pilare-pote
7. en sy kantelende rug metaal;
8. op hoeke van die strate blink
9. sy oë bloedbelope,
10. en met sy hap sluit staal op staal.

bite: byt

fog: mis, rokerigheid

steal along (away), prowl: skelmpies loop sodat niemand jou sien nie / ongemerk bly

knor (*growl*) in oop mote: geluide / geraas in die strate wat soos valleie / mote (valleys tussen die geboue is

stagger : strompel, steier

pilare-pote: metafoor – onder die oorweë (*overhead crossings*)

bloodshot eyes: metafoor – die rooi verkeersligte

Eerste Afdeling: versreëls 1-4

- Metafoor: die stad word uitgebeeld as ‘n meedoënlose dier wat in die mis rondsluip. Die s-alliterasie beklemtoon die dreigende sisklank van die dier.
- Die eerste 3 versreëls vorm ‘n eenheid deur die enjambement. Die funksie van die enjambement is om die beweging van dier en die spreker te beklemtoon.
- Ek-spreker is bang vir die dier wat rondsluip

Tweede Afdeling: versreëls 5-7

- Die spreker hoor die dier “knor” & hy sien hom ook op sy “pilare-pote” in die strate (“oop mote”) tussen die geboue.

Derde Afdeling: versreëls 8-10

- Stad as staalmonster verder beskryf: hy het bloedbelope oë, sy kake is soos ‘n meganiese skopgraaf *(mechanichal front loader)* wat sluit soos staal op staal (*steel*).

‘n Afrikanergesin voor hul huis in die 1930’s. Sou jy ‘Stad in die mis’ as ‘n aktuele gedig beskou, of is dit bloot ‘n uitbeelding van ‘n historiese gebeurtenis? Bespreek.